| Ekonomie, Geld- en Bankwese | Landbou-ekonomie nagraads | Noodsaaklike uitbreiding van voorgraadse werk | 1967 | - | 1 Lektor: R2,800 | - | - | Aanvangs : R3,300 |
| | Diploma in Bankwese | Behoefte by banke | 1967 | - | 1 Deeltydse asst.R500 | - | - | |
| | Effektebeursteorie en -praktyk | Toenemende rol van die Afrikaner in die ekonomiese lewe | 1967 | - | - | - | - | Jaarliks R3,300 |
| | Diploma in Koöperasiewese | Dringende aanvraag | 1968 | - | - | - | - | |

| Departement | Studierigting | Motivering | Jaar v. instelling | Lokale benodig | Personeel benodig | Apparaat en toerusting | Biblioteekvoorsiening | Totale koste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Etiek en Logika | Groepering in kleiner klasse vir meer gespesialiseerde werk, bv. leierskapskursusse en fakultêre spesialisering | Breër en dieper afronding van alle dog veral nagraadse studente. | 1968 | - | 1 Lektor/Snr. Lektor R4,800 | | | Aanvangs : R4,800 |
| | Verpligte kursus vir honns.- en magistersstudente. | do. do. do. | 1968 | - | - | | | Jaarliks : R4,800 |
| Farmasie | Omskepping van die driejarige in 'n vierjarige kursus verdeel in : Farmasie en Analitiese Chemie, Farmakognosie en Plantanalise, Farmakologie, Farmaseutiese Tegnologie, Farmaseutiese Mikrobiologie, Geregtelike Farmasie. | Ten einde alle afdelings van die Farmasie tot hulle volle reg te laat kom. | 1967 | Nuwe vleuel vir Farmaseutiese Tegnologie en Farmaseutiese Mikrobiologie : 15,000 vk.vt. R120,000 | 2 Snr.Lektore:R9,600<br>1 Lektor:R3,600<br>5 Assistente:R12,000 | Fraksieversamelaar: R800<br>Grass polygraph: R2,000<br>Jacquet-tempekimograaf : R500<br>Orgaanbadjies en waterbad : R600<br>Operasietafel:R500<br>Outoklaaf :R2,000<br>Viskometer : R455<br>Salfmeul : R300<br>Tablethardheidstoetser : R600<br>Filtreerpers: R1,000<br>Vriesdroogapparaat: R2,500<br>Sproeidroogapparaat R1,500<br>Polarimeter R400<br>Spektrofotometer R2,400<br>Polarograaf R1,500<br>Outomatieseburette R500<br>Kofflersmeltpuntapparaat :R400 | Geen | Aanvangs : R164,155<br><br>Jaarliks: R25,200 |

| Departement | Studierigting | Motivering | Jaar v. instelling | Lokale benodig | Personeel benodig | Apparaat en toerusting | Biblioteekvoorsiening | Totale koste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fisika | Elektronika | Behoefte weens toenemende outomatisering; toerusting v. fisici om elektroniese apparaat te hanteer en te beplan | 1968 | 1 Laboratorium : 1,000 vk.vt. R8,000 | 1 Snr.Lektor:R4,800<br>1 Lektor : R2,800 | Diverse : R5,000 | R3,000 | Aanvangs : R28,400<br>Jaarliks : R12,900 |
| | Teoretiese Fisika | Reeds goedgekeur dog gestaak weens oorlaaiing van personeel | 1970 | - | 1 Snr. Lektor:R4,800 | - | - | |
| Fisiologie | Menslike Biologie (Fisiologie, Anatomie, Biochemie, Biofisika, Histologie) | Pre-kliniese opleiding van medici en opleiding van navorsers vir die weermag, verpleging, dieetkunde, mynwese ens. | 1967 | 4 Laboratoria:13,000 vk. vt., 2 Kantore : 800 vk.vt. R106,400 | 1 Professor:R5,100<br>2 Snr.Lektore:R9,600<br>3 Lektore :R8,400<br>3 Tegnici: R7,500 | Diverse apparaat : R23,000 | R4,000 | Aanvangs :R349,600<br>Jaarliks : R85,000 |
| | Biochemie en Biofisika | Dringende tekort aan arbeids- en sportfisioloë | 1968 | 2 Laboratoria:6,000 vk. vt. R48,000 | 2 Professore:R10,200<br>2 Snr.Lektore:R9,600<br>4 Lektore:R11,000<br>4 Tegnici: R10,000 | Ultrasentrifugeermasjien : R15,000<br>Elektronmikroskoop (Interdepartementeel)<br>Radiochemiese apparaat : R15,000<br>Biofisiese apparaat: R25,000<br>Diaferometer R4,000<br>Elastisiteitsapparaat: R4,000<br>pH-apparaat vir water en bloed : R3,000 | | |
| | Dierevoeding | Inskakeling by plaaslike landbounavorsing | 1969 | 1 Laboratorium: 1,000 vk.vt., R8,000 | 1 Snr. Lektor:R4,800<br>1 Lektor :R2,800<br>2 Tegnici:R5,000 | Ergograaf:R4,000<br>Diverse : R3,000 | | |

| Departement | Studierigtings | Motivering | Jaar v. instelling | Lokale benodig | Personeel benodig | Apparaat en toerusting | Biblioteekvoorsiening | Totale koste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Industriële Chemie | Verdeling van vierde kursus in twee bane, nl. Fundamentele en Bestuursrigtings. | Noodsaaklike differensiasie | 1967 | - | - | - | - | Aanvangs : R56,200 |
| | Studie van materiale | Opleiding van konstruksiewerkers (meer as Metallurgie) | 1967 | 1 Laboratorium: 2,000 vk.vt., R16,000 | 1 Snr.Lektor, R4,800<br>1 Lektor R2,800 | Diverse : R9,000 | R1,000 | Jaarliks : R16,700 |
| | Industriële Biochemie | Noodsaaklik vir bierbrouery, inmaakbedryf, waterwerke ens. | 1967 | - | - | Diverse : R4,500 | R 500 | |
| | Grondkunde I, II, III | Noodsaaklik vir landbou | 1968 | - | 1 Snr.Lektor: R4,800<br>1 Lektor : R2,800 | Diverse : R8,000 | R2,000 | |
| Huishoudkunde | B.Sc.(Voedingsadviseurs en -Administrateurs) | Behoefte waar grootskaalse spyseniering plaasvind. | 1968 | Tweede verdieping op Huishoudkundegebou en 4 Laboratoria, 3 lesingsale & 3 kantore 24,000vk.vt.,R240,000 | 2 Snr.Lekrises,R9,600<br>1 Lektrise, R3,600<br>4 [illegible] R8,000 | Diverse : R95,000 | R5,000 | Aanvangs : R361,000<br>Jaarliks : R21,700 |
| | B.Sc.(Tekstielleer) | Behoefte in handel & nywerheid vir adviseurs i.v.m. handel in tekstielware | 1968 | - | - | - | - | |
| | B.Sc.(Voedseltegnologie) | Behoefte in handel & nywerheid | 1968 | - | - | - | - | |
| | Aanpassing van huidige B.Sc.(Hhk.)by behoeftes van grootskaalse vervaardigers en voorsieners van voedsel. | Groot vraag na gekwalifiseerdes | 1967 | - | - | - | - | |
| Kosteberekening en Rekeningkunde | B.Comm.(Rekeningkunde/ Bedryfsrekeningkunde) | Sterk behoefte | 1967 | - | - | - | - | |
| Kunsgeskiedenis en -waardering | B.A.(Beeldende Kunste) | Toenemende behoefte aan praktiese bekwaming vir beeldhou, ontwerp- en grafiese kuns | 1968 | 1 Ateljee, 2,000vk.vt.<br>2 Pakkamers, 2,000vk.vt., R36,000 | 1 Snr.Lektor, R4,800 | 1 Drukpers (elders vermeld) | - | Aanvangs: R40,800<br>Jaarliks: R4,800 |

| Departement | Studierigtings | Motivering | Jaar v. instelling | Lokale benodig | Personeel benodig | Apparaat en toerusting | Biblioteekvoorsiening | Totale koste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Liggaamlike Opvoedkunde | Verpligte eenjarige Ligg. Opvoedingskursus vir alle studente | Noodsaaklik vir ewewigtige vorming van die hele mens. | 1968 | - | - | - | - | - |
| Musiek | Praktiese onderrig in blaasinstrumente | Orkeswerk | 1967 | - | 1 Deeltydse assist. R1,000 | - | R300 per jaar | Aanvangs : R1,300<br>Jaarliks : R1,300 |
| Opvoedkunde | Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing | Voorligting, leiding en terapie van studente en navorsing | 1966 | - | 1 Direkteur:R6,000 | - | - | Aanvangs : R42,900 |
| | U.L.O.D.(Aanvangsonderw.) | Sterk behoefte | 1967 | 1 Werkkamer,1000vk.vt.; 1 lesingkamer, 1000 vk.vt.; 1 Pakkamer 300 vk.vt. R18,400 | 1 Lektrise:R2,700 | Diverse : R500 | R200 | Jaarliks: R16,000 |
| | U.L.O.D.(Kleuteronderwys) | Sterk behoefte | 1968 | - | 1 Lektrise: R2,700 | - | R200 | |
| | U.O.D.(Remediërend) | Aanvulling van U.O.D.(Voorl.) | 1969 | 1 Lokaal 1,000vk.vt. R8,000 | 1 Lekt./Snr.Lekt. R4,000 | - | R200 | |
| Perswetenskap | Praktiese drukwerk | Noodsaaklik vir praktiese redaksionele werk en vir publikasies van die Universiteit. | 1968 | Lokaal vir drukkery, pakkamers en kantoor, 1,200 vk.vt.;R9,600 | 1 Setter )<br>1 Drukker ) R10,000<br>1 leerling) | 1 Setmasjien,Intertipe,6-60 punt: R12,800<br>1 Drukpers 20"x30": R7,500<br>1 Lyngietkas:R2,750<br>1 Voumasjien:R2,000<br>Diverse apparaat: R2,000 | Geen | Aanvangs: R46,350<br>Jaarliks: (Lone + 10% waardevermindering en onderhoud): R12,675 |
| Plantkunde | Spesiale kursus in Sitologie, Genetika en Planteteelt | Uitbouing van bestaande Sitogenetika weens dringende tekort aan plantetelers | 1967 | - | 1 Snr.Lektor:R4,800 | Diverse apparaat: R35,000 | R5,000 | Aanvangs : R130,000 |
| | Plantpatologie | Dringende behoefte weens talle plantsiektes | 1968 | Kweekhuis: R25,000 | 1 Snr.Lektor:R4,800<br>1 Assistent: R2,000 | Div.apparaat:R7,000 | R3,000 | Jaarliks : R21,600 |

| Departement | Studierigting | Motivering | Jaar v. instelling | Lokale benodig | Personeel benodig | Apparaat en toerust. | Biblioteekvoorsiening | Totale koste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Plantkunde (vervolg) | Plantgeografie | Noodsaaklike aanvulling | 1970 | Geen | 1 Lektor:R2,800 | Diverse apparaat: R11,000 | R4,000 | |
| | Natuurbewaring | do. | 1971 | Geen | 1 Lektor: R2,800 | - | - | |
| | Tuinbotanie | do. | 1972 | Geen | 1 Lektor: R2,800 | Diverse apparaat: R15,000 | R5,000 | |
| Regte | B.Juris | Behoefte aan driejarige regsgraad by prokureurs en staatsamptenare (na-uurs) | 1967 | - | 1 Snr.Lektor:R4,800 | - | - | Aanvangs: R4,800 |
| | B.Juris et Artium | Vervang ou Regs-B.A. | 1967 | - | - | - | - | Jaarliks: R4,800 |
| | B.Juris et Comm. | Vervang ou Regs-B.Comm | 1967 | - | - | - | - | |
| | LL.M. | Sal diegene bevredig wat 'n kleiner navorsingsprojek in Regte wil onderneem | 1967 | | | | | |
| Spraakleer en Drama | Radio-omroepskursus | Sal 'n dringende en uitgebreide vraag voldoen | 1967 | Teaterkompleks en spesiale lesing- en klankdigte lokale van 30,000 vk.vt.,R240,000 | 1 Professor: R5,100<br>1 Snr.Lektor:R4,800<br>4 Lektore:R12,000 | Bandopnemers, platespelers, plate, fisiologiese apparaat, dekor: R2,000 +R2,000 per jaar | Geen | Aanvangs : R263,900 |
| | B.Drama | do. | 1968 | do. do. do. | do. do. do. | do. do. do | - | Jaarliks: R23,900 |
| | Diploma in Voordragkuns | do. | 1969 | do. do. do. | do. do. do. | do. do. do | | |
| | Eenjarige opknappingskursus vir onderwysers | do. | 1969 | do. do. do | do. do. do. | do. do. do. | | |
| Sosiologie en Maatskaplike Werk | Sosiologie(Verpleegk.) I, II, III | Noodsaaklik vir B.A. (Verpleegk.) | 1966 | - | - | - | R500 | Aanvangs: R1,000 |
| | Sosiologie (Streeks- en Stadsbeplanning) I, II, III | Noodsaaklik vir B.A. (Beplanning) | 1967 | | | | | Jaarliks : R600 |

| Departement | Studierigting | Motivering | Jaar v. instelling | Lokale benodig | Personeel benodig | Apparaat en toerusting | Biblioteekvoorsiening | Totale koste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Staatsleer | Staatsadministrasie | Sterk aanvraag | 1967 | 1 Lokaal 1,000 vk. vt. R8,000 | 1 Snr.Lektor:R4,800 | Geen | R1,000 | |
| | Internasionale Politiek | Sterk aanvraag | 1966 | - | - | - | R 200 | Aanvangs : R17,200 |
| | Kommunisme | Essensieel in huidige tydsgewrig | 1968 | - | | | | |
| | Politieke Partywese | In samewerking met Perswetenskap, Sielkunde, Statistiek, Sosiologie ens. moet 'n Instituut vir Openbaremeningstudie ingestel word. | 1972 | - | - | - | - | Jaarliks : R8,200 |
| | Staatsfilosofie | Essensieel vir orige studies | 1970 | - | 1 Lektor: R2,800 | | R200 | |
| Statistiek | Aktuariswese | Groot aanvraag en volslae afwesigheid van opleidingsgeriewe in die R.S.A. | 1968 | - | 1 Professor of Snr. Lektor: R5,000 | - | R500 | Aanvangs: R5,500 |
| | Versekeringswiskunde op derdejaars- en nagraadse vlak | do. | 1968 | - | - | - | - | Jaarliks : R5,500 |
| Volkekunde en Naturelleadministrasie | Diploma in Afrikastudie | Nagraadse diploma ter voorsiening van noodsaaklike kennis oor Afrika | 1967 | | | | | Aanvangs : R5,000 |
| | Etnohistorie en Argeologie van Suidelike Afrika | Reeds in beginsel goedgekeur | 1968 | | 1 Snr.Lektor/Lektor R4,000 | | R1,000 | Jaarliks : R4,500 |
| Wiskunde | Wiskundige Logika I, II, III, Honns., M. en D. | Opleiding in teorie en praktyk van syferrekenaars, weens toenemende behoefte | 1967 | | 1 Snr.Lektor:R4,800<br>1 Tegnikus:R3,000 | 1 Elektroniese Syferrekenaar: R60,000 | R300 | Aanvangs: R68,100<br>Jaarliks: R8,100 |
| | Diploma vir Syferrekenaars | do. | 1967 | - | - | - | - | |

| Departement | Studierigting | Motivering | Jaar v. instelling | Lokale benodig | Personeel benodig | Apparaat en toerusting | Biblioteekvoorsiening | Totale koste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Wysbegeerte | Verdeling in twee hoofvakke, nl. Sistematiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte | Ontwikkeling van die vak maak dit noodsaaklik. | 1967 | - | 1 Snr.Lektor/ Professor:R5,000 | - | - | Aanvangs : R,5000<br>Jaarliks: R5,000 |
| TOTALE | 70 Studierigtings / kursusse | - | | Lokale 125,140 vk.vt. @ R1,089,320 | Direkteur(Prof.): 1<br>Professore : 6<br>Snr. Lektore : 27<br>Lektore : 27<br>Assistente : 10<br>Deeltydse Assistente : 5<br>Tegnici : 13<br>Salarisse:R307,300 | R460,205 | R42,400 | Aanvangs : R1,899,225<br>Jaarliks : R304,175 |

x Volgens departementele antwoorde op vraag A III 7 van die leidraad. Salaris van personeel is bereken teen die heersende salarisskale (Junie 1965). Koste van geboue is bereken teen R8 per vierkante voet. Koste van apparaat en biblioteektoelae is deur departementshoofde verstrek.

7.4.2 By die totale geskatte jaarlikse uitgawe aan lone en apparaat moet die volgende respektiewelik gevoeg word : pensioenbydraes (7%), loonsverhogings (15%) en verlofvoorsiening (4%), dus 26%, wat R79,898 bedra, en laboratoriumtoelaes vir natuurwetenskaplike studierigtings, wat 'n verdere verpligting van ongeveer R50,000 per jaar sal meebring.

7.4.3 Daar moet op gelet word dat departemente die aangeduide uitbreidings as spoedeisend beskou, wat meebring dat die geld daarvoor binne 'n betreklike kort tydperk - van sê 6 jaar - gevind sal moet word.

7.4.4 Indien beplan word om al die beoogde uitbreidings van bestaande fakulteite, soos hierbo uiteengesit, te realiseer, sal 'n totale bedrag van R1,899,125 gevind moet word en sal jaarliks voorsiening vir 'n bykomende R434,073 gemaak moet word.

7.4.5 Indien die beoogde uitbreidings en die koste daaraan verbonde nader ontleed word, blyk dit dat die volgende bedrae moontlik gedurende ongeveer die volgende ses jaar vir die aangeduide fakulteite gevind moet word :

1. Lettere en Wysbegeerte : R574,000 of ongeveer 25% van die totaal.
2. Natuurwetenskappe : R1,620,000 of ongeveer 69 % van die totaal.
3. Opvoedkunde : R78,000 of ongeveer 3% van die totaal.
4. Ekonomiese Wetenskappe : R48,000 of ongeveer 2% van die totaal.
5. Regte : R9,600 of ongeveer 1% van die totaal.

7.4.6 Dit val op dat die eise van die natuurwetenskappe teenoor die van die ander wetenskappe gesamentlik in die verhouding van ongeveer 2 : 1 staan. Hierdie verhouding staan ongetwyfeld in verband met die huidige opbloei van die natuurwetenskappe en is noodwendig duur. As die P.U. in die brandpunt van wetenskapsbeoefening en opvoeding wil staan, sal die groter eise van die natuurwetenskappe by toekomstige beplanning en geldbesteding in ag geneem moet word.

7.4.7 Dit word aanbeveel dat die Senaat, in die lig van die uitbreidingsplanne en -behoeftes van departemente soos in hierdie verslag vervat is, 'n deurtastende studie onderneem van die uitbreidingshoeftes en -moontlikhede van bestaande departemente ten einde die volle finansiële en ander implikasies daarvan te bepaal en 'n realistiese prioriteitsprogram vir sistematiese ontwikkeling binne bestaande departemente saam te stel.

7.5 <u>Ontbrekende studierigtings tussen bestaande departemente</u>

7.5.1 Die besondere eise wat die beoogde uitbreiding binne departemente aan die Universiteitsfinansies stel, noodsaak sorgvuldige beplanning en besonder oordeelkundige besteding van die beskikbare geld. Veral moet gelet word op voorkoming van oorvleueling, en daarom sal departemente wat gemeenskaplike belang by 'n beoogde nuwe studierigting het, noodwendig moet saamwerk.

7.5.2 ŉ Ontleding van die gegewens vervat in tabel VI dui daarop dat sodanige oorvleuelende eise om instelling van nuwe studierigtings wel voorkom. Voorts dui ŉ analise van die ensiklopedie[1] daarop dat daar, benewens die uitbreidings deur bestaande departemente voorgestel, ook die volgende kennisterreine - wat meestal tussen bestaande departemente geleë is - ontgin sal moet word. Sterrekunde, Ruimtekunde, Metallurgie, Kommunikasie, Stads- en Streeksbeplanning en Weerkunde.[2]

7.5.3 Die klaarblyklike behoefte aan nuwe studierigtings rondom en tussen bestaande departemente sal derhalwe noodsaaklikerwyse deur die verskillende verwante en belanghebbende departemente oorweeg moet word. Gesamentlike beplanning en instelling sal waarskynlik lei tot aanmerklike besparing.

7.5.4 Aanbeveel word dat die Senaat - met inagneming van die uitbreidingsbehoeftes binne bestaande departemente, behoeftes aan nuwe fakulteite, die geldelike vermoë, die roeping van die Universiteit en die werklike behoefte aan nuwe studierigtings - die wenslikheid, moontlikheid en implikasies van instelling van die volgende studierigtings oorweeg :

7.5.4.1 Argeologie.

7.5.4.2 Sterrekunde.

7.5.4.3 Ruimtekunde.

7.5.4.4 Teorie en Praktyk van Syferrekenaars.

7.5.4.5 Metallurgie.

7.5.4.6 Kommunikasie.

7.5.4.7 Stads- en Streeksbeplanning.

7.5.4.8 Genetika.

7.5.4.9 Bodemkunde.

7.5.4.10 Weerkunde.

7.5.4.11 Konservasie van natuurhulpbronne (waaronder fauna, flora, materiële en menslike hulpbronne).

7.5.4.12 Aktuariswese.

7.5.4.13 Teorie en Praktyk van die Aandelebeurs.

7.5.4.14 Personeelbestuur.

7.5.4.15 Versekeringswese.

---

1. Kyk hoofstuk II 2.9.1.2.18 en 19.
2. Benewens nuwe fakulteite wat later oorweeg word.

## 7.6 Ontbrekende fakulteite

7.6.1 Volgens departementele verslae en die ontleding van die ensiklopedie moet die volgende fakulteite aan die P.U. ingestel word :

7.6.1.1 Medisyne en Tandheelkunde,

7.6.1.2 Ingenieurswese - insluitende tegnologie,

7.6.1.3 Landbou,

7.6.1.4 Veeartsenykunde,

7.6.1.5 Argitektuur - insluitende Boukunde en

7.6.1.6 Skone Kunste.

7.6.2 ŉ Fakulteit van Skone Kunste kan spoedig en sonder enige buitensporige koste ingestel word sodra die departemente Spraakleer en Drama en Kunsgeskiedenis en -waardering sterk genoeg is om saam met Musiek ŉ fakulteit te vorm. Sodanige fakulteit kan vervolgens ŉ departement Beeldende Kunste beplan en hom vir die instelling daarvan beywer.

7.6.3 By die nastrewing van die orige fakulteite sal die Universiteit hom moet laat lei deur die behoeftes van die gemeenskap, die steun van die Staat en sy eie geldelike vermoë, maar nooit mag sy roeping om alle vertakkinge van die wetenskap, menslik gesproke, volkome te ontgin en onder die tug van die Woord te bring vergeet word nie.

7.6.4 Volgens ŉ Opname van die opleiding van en werkgeleenthede vir natuurwetenskaplikes en tegnici in S.A., onderneem deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing,[1] word daar in 1965 geen noemenswaardige tekorte aan argitekte, landboukundiges, tandheelkundiges en veeartse verwag nie. Wat medici en ingenieurs betref, is die verwagte tekorte egter 2,500 en 250 respektiewelik.

7.6.5 Op grond van die verwagte behoeftes behoort die genoemde fakulteite nagestreef te word :

1) Medies,
2) Ingenieurswese,
3) Landbou,
4) Argitektuur,
5) Tandheelkunde en
6) Veeartsenykunde.

7.6.6 Indien die eersgenoemde drie fakulteite binne die eersvolgende 15 jaar beoog word, sal ŉ bedrag van ongeveer R10,000,000 daarvoor nodig wees, waarvan die Universiteit ongeveer die helfte sal moet vind.

7.6.7 Die nuwe fakulteite kan moontlik langs twee weë verkry word, te wete :

1) deur eers die volle bedrag vir instelling te versamel en dan die fakulteit(e) in geheel in te stel,

of

2)

---

1. Die Strassacker-verslag.

2) deur geleidelik studierigtings rondom bestaande departemente in te stel wat spoedig op 'n natuurlike en vanselfsprekende wyse tot stigting van die begeerde fakulteit kan lei. So byvoorbeeld kan die departemente Fisiologie, Farmasie, Mikrobiologie en Verpleegkunde sodanig uitgebou word deur die toevoeging van Bakteriologie, Menslike Fisiologie, Histologie, Parasitologie ens. dat die verkryging van die verdere mediese rigtings binne redelike bereik kom. Op soortgelyke wyse kan uitbreiding geleidelik rondom Industriële Chemie, Chemie, Wiskunde, Fisika, Toegepaste Wiskunde, Beplanning en die voorgestelde Metallurgie en Kommunikasie beplan word om uiteindelik uit te loop op 'n Ingenieursfakulteit. 'n Landboufakulteit kan natuurlikerwys vloei uit beplande uitbreiding rondom Plantkunde, Dierkunde, Industriële Chemie, Bodemkunde, Mikrobiologie en die voorgestelde Genetika, Biochemie en Weerkunde.

7.6.8 Voorgestel word dat die Senaat onverwyld 'n beplanningskomitee benoem, met die opdrag om die eise gestel deur Mediese, Ingenieurs- en Landboufakulteite in besonderhede te bepaal en om die moontlikheid te ondersoek om :

1) een of meer van genoemde fakulteite binne die eersvolgende 15 jaar as geheel in te stel en

2) rondom bestaande departemente sodanig uit te brei dat een of meer van die beoogde fakulteite binne die eerskomende 15 jaar 'n vanselfsprekende uitvloeisel van die beplande uitbreiding sal wees.

7.7 <u>Studierigtings en kursusse wat afgeskaf behoort te word</u>

7.7.1 Die Universiteit streef inderdaad daarna om alle aspekte van die ensiklopedie van die wetenskap in die lig van die Woord te beoefen, maar aangesien die finansiële hulpbronne van die Universiteit beperk is, moet die droë hout, die kursusse wat klaarblyklik min vrug dra, wat oormatig met ander kursusse oorvleuel of wat deur doeltreffender kursusse vervang kan word, ook voortdurend uitgesnoei word.

7.7.2 Volgens departementele verslae[1] bestaan daar ernstige rede tot twyfel of die volgende kursusse moet bly voortbestaan :

7.7.2.1 Afrikaans-Nederlands IA : Met die oog op die behoeftes van studente in die Opvoedkunde, Ekonomiese Wetenskappe en Regte is 'n groter beklemtoning van Afrikaans noodsaaklik. Aanbeveel word dat hierdie vak vanaf 1967 deur Afrikaans vervang word.

7.7.2.2 Higiëne I : Die kursusse II en III is reeds gestaak, en Higiëne I word tans hoofsaaklik deur die betreklik geringe aantal U.L.O.D.-studente as verpligte vak geneem. Hierdie vak lei tans tot geen verdere graadstudie nie. Aanbeveel word dat die posisie van Higiëne I deeglik deur die Senaat bestudeer word.

7.7.2.3 Maatskaplike Sorg[2] : Dit is uit die historiese ontwikkelingsgang[3] van hierdie departement duidelik dat dit

---

1. Vgl. die antwoorde op vraag A II 9 van die leidraad.
2. Sedert 1965 Kultuur-en-Versorgingswetenskap.
3. Vgl. tabel XVIII.

na 'n aanvanklik geringe oplewing 'n kwynende groeikrag toon. Hierbenewens voer die departemente Sosiologie en Maatskaplike Werk aan dat daar 'n ernstige mate van grensoorskryding tussen lg. twee en Maatskaplike Sorg voorkom. Dit word derhalwe aanbeveel dat die Senaat die posisie van Maatskaplike Sorg (Kultuur- en Versoringswetenskap) so spoedig moontlik in deeglike studie neem.

8. <u>Die inhoud van die verskillende vakke</u>

8.1 Volgens die doel van die Universiteit, naamlik wetenskapsbeoefening en opvoeding, is die basiese bepalende faktore vir vakinhoud die wese van die wetenskap self - binne die grense van die duur van die kursus - en die opvoedingsdoel van die Universiteit.

8.2 Departementele verslae toon dat die vakinhoud die eise vervat in genoemde faktore bevredig.[1)]

8.3 Sowel vakwetenskap as opvoeding is egter dinamies, groei en verander van dag tot dag namate nuwe kennis ontbloot word en nuwe lewenseise - insluitende beroepseise - ontstaan. Die dinamiek van vakwetenskap en opvoeding verg derhalwe voortdurende aanpassing van vakinhoud, en ook hieraan probeer die verskillende departemente voldoen.

8.4 Gedurende die afgelope 5 jaar het slegs die departemente Latyn, Grieks en Semitiese Tale geen noemenswaardige verandering ondergaan nie. In al die orige departemente is die inhoud voortdurend aangepas by veranderende kenniskonstellasies en by die veranderende eise van die lewe met die dienooreenkomstig veranderende opvoedingsdoeleindes. Verouderde inhoud is weggelaat en nuwe kennis, en selfs afdelings, is bygevoeg; differensiasie is bevorder deur die instelling van alternatiewe kursusse; klemverskuiwings, herrangskikkings binne en verskuiwings na ander kursusse vind voortdurend plaas; sommige twee- en driejarige kursusse is uitgebrei tot drie- en vierjariges, ens.

8.5 Dit is reg dat die Universiteit moet tred hou met die ontwikkeling van wetenskap en lewe, dat elke vertakking van die ensiklopedie volkome in die lig van die Woord ontgin en gedoseer word, maar die klaarblyklike toenemende verbreding, verdieping en intensivering van die studie, wat steeds 'n bepaalde tydsduur het, moet noodwendig groter eise aan die student, wat ook in ag geneem moet word, stel.

8.6 Volgens studentegetuienis verskil die eise van vak tot vak, maar daar is sommige vakke en/of kursusse wat besonder veeleisend is en wat die student dwing tot 'n soms oneweredige tyds- en energiebesteding.

8.7 Dit kan uit departementele verslae afgelei word dat veral die volgende studierigtings groot uitbreiding ondergaan het : Perswetenskap; Prosesreg, Bewysreg en Geregtelike Geneeskunde; Strafreg en Persreg; Sielkunde; Staatsleer; Ekonomie; Frans; Romeinse Reg en Regsgeskiedenis; Fisika; Chemie; Volkekunde; Huishoudkunde en Afrikaans-Nederlands. Dit is

---

1. Vgl. die antwoorde op vrae A II 2-6 van die leidraad.

egter uiters moeilik om te oordeel in watter mate genoemde uitbreidings die eise verswaar, veral aangesien departemente poog om oorlaaiing te voorkom deur versigtige seleksie en deur klemverskuiwing vanaf 'n feitelike benadering na benadrukking van breëre basiese beginsels.

8.8 U Komitee beveel derhalwe aan dat 'n deurtastende ondersoek ingestel word na die eise wat die verskillende kursusse in terme van tyd aan studente stel, veral aangesien kursusuitbreiding noodwendig in die toekoms in omvang sal toeneem.